Oom Daniel en die Karoo

Die Karoo, Prins Albert, leiwater langs die strate, warm koelte onder sommige van die bome andersins stof, sand, karoobossies orals waar jy kyk. Olywe, druiwe, heerlike biltong, lekker kaas, melk, yoghurt van die plaaslike melkery, vars en voedsaam. Aai hoe smaaklik is dit dan alles nie. En sybokhaar breiwol van die plaaslike winkel. Sag, kleurvol, pragtig.

Hulle ry nogal ver om vakansies en naweke daar deur te bring. Die vakansie huisie, klein maar pragtig beplan, het ‘n plat dak waar hulle baie aande braai en toesig hou oor die berge en vlaktes. Hulle ontspan in die oorweldigende stilte.

Maar dié naweek gaan daar groot partytjie gehou word. Die naweek beplan hulle ‘n feesviering van Ansie se 30st verjaarsdag. Daar is plek waar tente opgeslaan kan word, plek om buite te slaap, en selfs plek om op die plat dak te slaap vir die wat die moed het om dit uit te hou teen die insekte, miggies en muskiete wat pla. Elke genooide gas bring hulle gunsteling bykos óf om daar voor te berei, óf wat al klaar reg is, soos tant San se aartappelslaai. Mmmm van die beste ooit. Maar dit moet eers so ‘n paar dae in die bak sit om die volle geur en smaak te laat ontwikkel. Tan San self is nie genooi nie, en sy sou ook nie wou gaan nie. Tant San is in haar sewentige jare, en wat gaan sy nou maak met al hierdie kinders, hul musiek, hul vreemde gewoontes? Nee, sy maak genoeg slaai vir omtrent ‘n kosskool vol kinders, en hou dit reg vir iemand om dit te kom haal.

Tant San is ‘n eienaardige soort mens. Sy was op ‘n slag getroud maar haar man het gedros en kon oor die jare nie opgespoor word nie. Hy is, na twintig jaar as dood verklaar, en tant San bly aan soos altyd; ‘n glimlag, ‘n laggie, ‘n grappie vir almal.

Die feesviering is in volle swang. Die groot spitbraai is reg, die bykosse is op tafels gesit wat met karoo blomme en grasse bedek is, die leë wyn bottles staan al vol in die agterkamer, die musiek is van die soort wat jong mense van hou (nie eintlik musiek nie, maar toe maar) en die lag en vreugde is tasbaar. Nog ‘n warm brood word uit die oond gehaal, gevolg deur in kaas pizza wat gou verdwyn saam met die glasies wyn.

Niemand besef dat die ou oom wat onder in die dorp bly, ook by hulle aangesluit het, maar Ansie hulle ken hom goed. Hy was, op ‘n stadium ‘n argitek en het groot belangstelling in Ansie hulle se huis toe hulle daar teen die berg begin bou het. Oom Daniel dra kennis oor ‘n groot verskeidenheid sake, en hy is gou diep in die verduideliking van een of ander bou probleem wat hy al tee gekom het.

Die nag loop aan, daar word hier en daar ‘n zol gerook, almal is luilekker dik geëet, pap gedrink en moeg gepraat en gedans. Meteens is daar ‘n helse geskreeu van bo op die dak. Die mans druk vas teen mekaar soos hulle by die buite trappe op hardloop na die dak toe. Daar is twee paartjies op die dak, maar waar die lat heining gestaan het, is daar ‘n groot gaping. Onder op die grond lê Oom Daniel. Weer ‘n gejaagery om by die trappe af te kom en by die oom uit te kom. Aai oom Daniel, hy is pap gesuip, en le soos ‘n lappop op die sement en kreun.

Soos almal in die dorp weet sukkel Oom Daniel met ‘n dwelmmiddels probleem. Hy is ook baie lief vir wyn, en weet nooit wanneer om op te hou drink nie. Soos hulle hom leer ken het, is hy meeste van die tyd ver van nugter. Al hierdie gedagtes wemel in Ansie se kop rond. Sy skree hard: roep die ambulans. Soos dit gebeur het, was die enigste ambulans al klaar uit op ‘n noodgeval. Een van die mans begin die buitedeur van die stoorkamer los te skroef, en dié word op die ou end as “stretcher” gebruik. Oom Daniel, is toe versigtig op die deur geplaas, in ’n bakkie gelaai en na Oudtshoorn se hospitaal toe geneem. Ten spyte van alles, bly hy mompel oor sy glasie wyn wat hy iewers heen gelos het. Ansie is by hom in die bakkie, troos hom, en belowe hy kry weer ‘n glasie wyn as hy eers in die hospitaal behandel is.

Die doktor aan diens skud sy kop. Hy draai na Ansie toe, “Is jy familie van die Oom?”

“Nee,” antwoord sy, “maar ons almal ken hom goed. Hy bly in Prins Albert. Ek moet ook noem dat hy verslaaf is aan dwelms en drink geweldige baie wyn.”

“Ja, dit is klaarblyklik die oorsaak van die toestand van sy organe. Dit is ‘n moeilike besluit om te neem, maar sy liggaam gaan dit nie hou nie as ons hom nou behandel. Ons sal eers moet wag tot hy nugter is, om die ernstige toestand van sy gesondheid met hom te kan bespreek.”

Ansie en die paar gaste wat saam Oudtshoorn toe gery het, besluit om Oom Daniel daar te los. Die hospitaal het hul besonderhede, en hulle beplan om die volgende middag weer hospitaal toe te gaan.

Toe hulle so vier uur die volgende middag daar aankom was Oom Daniel al klaar dood. Ansie neem aan om almal in Prins Albert te verwittig van die feit, en om to probeer om enige familie van die oom op te spoor. Sy bel toe vir tant San.

“Tant San, dis Ans. Ek gaan eers oor ‘n dag of twee terug wees. Hier het daar ‘n lelike ding gebeur. Oom Daniel het van ons dak afgeval, en is vanoggend oorlede in die Oudtshoorn Hospitaal.”

“Ooo,” sê tant San, “ jy sê Oom Daniel, wat is sy van?”

“Weet nie tannie, hoekom?”

“Nee my kind vra maar net. As jy kan uitvind laat weet vir my.”

Tant San kom by die hospitaal in Oudtshoorn aan. Sy vra by ontvangs oor die person: Oom Daniel van Prins Albert. Sy verduidelik vir die doktor dat sy ‘n hond se gedagte het oor die oorledene, Oom Daniel. Eers het hy geweier om inligting oor ‘n pasiënt uit te gee, maar toe hy haar storie hoor, verander hy van plan. Hy neem haar toe na die lykshuis afdeling van die hospitaal, sê sy moet sit, en laat toe oom Daniel se lyk voorentoe gebring word. Die laken is liggies terug van die kop getrek. Tant San staan en kyk, sy streel oor die oom se voorkop, sy buig oor en gee hom ‘n soentjie op die wang, draai om, en loop uit. Die trane rol oor haar wange.

“Mevrou, wat is fout?”

“Ooo,” se sy, “daardie man het viertig jaar terug uit my lewe verdwyn. Nooit ‘n woord van hom gehoor nie. Net so geloop, verdwyn, skoonveld, weg!” Hy was my man. Sy naam was Jakobus Daniel Van Rensburg. Maar almal het hom as Jako geken. Ek het gewonder toe ek oor hierdie Daniel persoon gehoor het, veral omdat hy altyd in die Karoo wou bly. Nou sie daar, dit is hom.”

Sy draai om met dié opmerking: “Toemaar my ou man, al het jy my gelos, ek gaan sorg vir jou begrafnis.”

Toestemming is toe gegee dat Ansie haar oom op die oop grond langs hul Karoo huisie kan begrawe, en die volgende Feesviering wat daar gehou was, was om totsiens te sê aan die karaktervolle Oom Daniel van Prins Albert. Tant San het daarop gedwing, g’n alkohol en g’n dwelms nie, en so het sy vir haar oorlede man eindelik op die regte pad gekry.

Julie Hattingh